# Wat Dingaansdag vir ons moet beteken.

I **Inl.**:
Vanmôre op die ontstaan van die Gelofte gelet. – Dis 'n interessante en aangrypende gesk. Ook gesê dat dit ons pas om op 'n dag soos hierdie die Gelofte te oorpeins en ondersoek. Maar ons moet ook 'n bietjie verder gaan: ons moet ook by Dingaansdag, die groot dag wat uit die Gelofte voortgevloei het, stilstaan en ons moet ons veral die vraag vra: wat moet Dingaansdag vir ons beteken?
Hierdie vraag vandag van die allergrootste betekenis. Die lewe word steeds haastiger, voller, drukker. Ons loop groot gevaar om deur die dinge van die alledaagse lewe volkome meegesleur te word, sodat ons nooit meer kan gaan stilstaan en nadink oor die dieper, blywende, geestelike dinge van die lewe nie.

II **Dingaansdag ons eie**:
Voordat ons verder gaan, moet ons eers hierop goed let: Dingaansdag is ons eie. Dit het ons vanmôre gesien.
Het die Gelofte in die vreemde ontstaan? Het die gedagte van 'n gelofte by 'n

vreemdeling opgekom?
Is die Gelofte deur 'n vreemdeling in woorde gebring?
Word die Gelofte deur vreemdelinge nagekom?
Nee, dis ons eie: dis gebore uit hart van die Boer op die bodem van Suid-Afrika. Dis gebore in die uur van die diepste nood van ons volk. En juis omdat dit so volkome ons eie is, omdat dit aan elke Afrikaner behoort, — juis daarom kan dit vir ons so enorm veel beteken.

As u my sou vra: Wat moet Dingaansdag vir ons beteken? — dan sou my antwoord vandag wees: Dit moet vir ons 'n boodskap hê, 'n boodskap wat aanspoor en ophef, wat dwing, onweerstaanbaar tot groot dade dwing.
Ons sal dit beter verstaan, as ons 'n oomblik let op 'n gebeurtenis uit die geskiedenis van 'n ander volk, 'n gebeurtenis wat vir daardie volk 'n groot boodskap gehad het.

III <u>Die Marseillaise</u>:
Eeuelank het die Franse volk gruwelike onderdrukking verduur. — Vors! — nie genoeg voedsel nie. Teen 1789 word toestand ondraaglik. Wanhoopsdaad — Rewolusie. Chaos! Ook buite-

landse leërs. Donkerste tyd. Fr. & Fr. volk skyn verlore. Baie slaan hand aan eie lewe.
Onder hierdie omstandighede sit Fr. offisier, Rouget de L'Isle, mismoedig met musiek van 'n lied. Bespotting! Veragting! — „Fr. volk vra nie musiek nie!" — Maar brood!
Maar De L'Isle het beter geweet. — Fr. volk moes sy siel behou, dan sou hy krag hê. Maar as hy sy siel vir brood verkoop het, dan sou hy prooi word van sy vyande. Dan sou hy dood wees.
Lied klaargemaak. Egte Fransman; lied suiwer produk van Franse siel — gebore in die uur v.d. nood v.d. volk.
Was 'n lied van inspirasie, 'n oorwinningslied: „Kom kinders van die vaderland,
Die glorie-dag is daar ...."
In 1792 — juis toe toekoms vir Fr. die donkerste gelyk het — trek troepemag uit Marseilles, groot hawestad van suide, na noorde, na Parys.
Toe hulle hoofstad binnetrek, sing hulle die lied v. De L'Isle. Iedereen dadelik beetgepak — sowel woorde as musiek. Volk met nuwe moed geïnspireer. „Watter lied is dit?" — het baie gevra. „O, dis die lied van die manne van Marseilles." Dus weldra
„Marseillaise".

Vreugde versprei; op die lippe van almal. Volk besiel; nuwe krag. Tot heldedade aangespoor. Weldra orde herstel, en buitelandse leërs met groot verliese teruggeslaan. Chaos het verdwyn. Fr. was weer vir die Fr. Historiese feit dat die "Marseillaise", die lied van De L'Isle*, 'n vername faktor was om dit te weeg te bring.
Hoe is dit moontlik? Antw. egter eenvoudig: vir hele volk, en elke Fransman, 'n boodskap: boodskap van nasieskap; julle is Franse, word wakker en staan op vir julle verdediging. Dit hoef ons nie te verwonder dat die Fr. volk die lied van De L'Isle hulle volkslied gemaak het nie, en dat alle Franse dit tot vandag toe met trots sing.
Nou sal u al beter verstaan wat ek bedoel as ek sê Dingaansdag moet vir ons 'n boodskap hê. As die "Marseillaise" nie vir die Franse volk 'n boodskap gehad het nie, sou dit leeg en betekenisloos gewees het; as Dingaansdag vir ons nie 'n boodskap het nie, sal dit ook leeg en betekenisloos wees.
Die vraag is nou: wat is daardie boodskap?

## IV Die Boodskap (algemeen):

Die boodskap van Dingaansdag spreek tot ons van baie dinge.

Dit spreek tot ons van eenheid en eensgesindheid, en dit spoor ons volk hiertoe aan.

Dit bring ons weer by die lewe van die Voortrekkers en dit toon ~~bring~~ ons weer duidelik die groot beginsels wat aan hulle lewens koers en rigting gegee het.

Gesonde, suiwere nasieskap — manifes van Retief; mevr. Erasmus Smit.

Lewende, vrugbare godsvrug — Wenkommando soos ons hulle vanmôre leer ken het.

'n Suiwere, blanke Suid-Afrika. — Hulle beleid.

Bodemvastheid — geheg aan die grond- grondeienaar — seun van Erasmus Smit.

Edele, reine familielewe — Trigardt in die wildernis. Maritz se huisgesin.

Onblusbare liefde vir eie taal — nog Hollands — in Kaaphol. — skole.

Karaktervastheid — selfs vyande het dit erken.

Al hierdie dinge maak die boodskap van Dingaansdag uit. — Kan nie oor alles praat nie; neem net die heel eerste punt wat ons genoem het.

V Boodskap v. Eenheid:

In twee opsigte bring Dingaansdag vir ons die boodskap van eenheid. Eerstens hou dit vir ons 'n pragtige simbool van eenheid op: die Wenkommando. 'n Klein kommando: 464 manne, maar één van sin en één van hart. Elkeen vir almal en almal vir elkeen. Trek saam en staan mekaar by, en in die uur van beslissing staan hulle onskeidbaar van mekaar, skouer aan skouer. En kyk wat hierdie eenheid tot stand bring: die ganse strydmag van Dingaan, 20,000 sterk, is nie teen hulle bestand nie. Waarlik, hier sien ons bewaarheid: Eendrag maak mag.

Tweedens is Dingaansdag ons almal se besit, en dus trek dit ons na mekaar toe. Ons het gesien dis ons eie; elke Afrikaner het daar aanspraak op. Dus skei dit nie, maar dit bind saam. Kyk hoe is ons vandag almal hier bymekaar! Ons vra nie na verskille nie; ons voel maar net ons hoort bymekaar. So is dit met alles wat ons eie is: dit bind saam

dit maak één. Dit is só met Dingaansdag; dit is ook só met Heldedag; met ons kerklike funksies, en ons eg Afrikaanse verenigings soos die R.D.B., A.C.V.V. e.a. Maar dis die vreemde wat skei en verdeel en twis veroorsaak — ~~ons~~ die Nasionaal-Sosialisme, ons verbinding tot die buiteland, ons verbinding ~~met~~ tot Engeland, uitlandse gewoontes.

Die vreemde verdeel; die eie trek saam. Ons het Dingaansdag nodig omdat dit ons eie is en ons verenig.

Dis 'n pragtige simbool van Eendrag maak Mag; en 'n lewendige, saambindende band. {ons het Heldboodskap nodig. — laat ons nog nader hierop ingaan.} As 'n volk waarbinne 'n eenheid is, sal ~~Heldedag boodskap van eenheid het~~ die lede van daardie volk met 'n egte, ~~ons baie nodig, en het ons waarlik~~ ware naasteliefde ~~nodig ... die~~ en naastediens besiel wees.

Waarin is 'n volk groot — baie dinge. Spreker by een geleentheid. Maar hy het die vernaamste uit oog verloor. Slegs as volk 'n eenheid is; as lede v. volk tot wedersydse diens bereid is. Dan kan selfs 'n klein volk groot wees. Volke bereik hulle hoogste prestasies XXXX.

Ook in ons volk se gesk. mooi voorbeelde: ontwaking v. Hug.; boere v. ou Kaapse binneland; Voortrekkers na

Groot Moord. En ook veel later: die Helpmekaar; die ~~[illegible]~~ Ossewatrek; die RDB.
Ons is dankbaar vir hierdie voorbeelde.
Maar ons weet ook dit was nie altyd só nie. Afrikaners het soms ook laag gesink – die laagste gesink as daar nie eenheid was.
Holl. & Hug. kolonistе; Gideon Joubert oor Voortrekkers na moord op Liebenbergs en Vegkop; Afr. in Tweede Vryh.-oorlog.
Sê dit nie om fout te vind nie, maar sê dit onder 'n diepe besef van die behoeftes van ons volk.
Ons verlede toon hoog van eenheid en saamstaan, maar ook verwoestende gevolge van twis en tweedrag.
Dink egter in dankbaarheid aan sovele van ons vaders en moeders wat waarlik tot mekaar se diens bereid was, wat as ware Afrikaners in die uur van die nood mekaar die hand gereik het, nie die hand wat 'n dolk verskuil het nie, maar die hand wat geloof het in tye van vermoeienis en uitputting, wat met begrip en meegevoel 'n traan van droefheid afgedroog het.
Ons kan iets van die Joodse volk leer x x x.
As Afrikaners vandag met [illegible] gees van eensgesindheid en

noodsteddeins besiel is, wat sal hulle doen? Iets oor vir mede-Afr. Waar nood van die man is, help hulle; waar broodsgebrek bestaan ...., waar siekte heers .... Verenigings — nie net om op bestuur te dien nie! Raak vir hulle in woord. Geen huis is te klein en te armoedig nie — eie vader. Sê nie in woorde ....; intendeel, by belang voor God....
Maar by wat nie net daardie gees besiel is nie: — maar op Dingaansdagviering; word in ellende en vernedering tot nadenke gebring.
Wil ons 'n groot, gesonde volk word, dan moet let op hierdie boodskap van Dingaansdag: ons moet waarlik één word, en ons kan dit word as ons waarlik tot welsyn se diens bereid is; as ons op die voetspoor van ons Groot Meester volg: nie om gedien te word nie, maar om te dien.

VI **Vandag:**
Veral vandag het ons hierdie boodskap van Dingaansdag nodig. Nie so lank gelede was daar 'n verkiesing in ons land, en daar het 'n — en gelukkig nie veel bitterheid nie — groot verandering in ons landsbestuur gekom. Daar is 'n regering aan bewind waarvan al die ministers Afr. name het; en

al die ministers se toespraak in Afrikaans. Ek konstateer net die feit; politieke gevoelens laat ek daar.

Maar, en ek beweer om dit te sê, het ons nie alweer vroeë tekens van verdeeldheid en stryd waargeneem nie. Staan 'n tydperk van broertwis en tweedrag nie voor die deur nie. Loop ons nie gevaar om weer terug te sink nie. Laat ons op die boodskap van Dingaansdag ag gee; laat ons één wees; laat ons weier om met mekaar te twis al verskil ons ook.

VII Slot:

As ons dit doen, sal ons soos die manne van die Wenkommando wees. En ons sal soos hulle slaag al is dit ook teen 'n geweldige oormag. Dan sal twis en tweedrag, hebsug en selfsug plekmaak vir samewerking, offervaardigheid en liefde. Afrikaners sal Afrikaners vind, mekaar se hande vat en saam sal hulle werk vir Suid-Afrika. Hulle sal steeds vorentoe beur, die berge uit na die toppe toe; na die hoë toppe, daar waar hulle die

vérgesigte sal kry, daardie pragtige vérgesigte van 'n gelukkige, verenigde, bloeiende Suid-Afrika. Mag die boodskap van Dingaansdag ons daartoe help.